Cannot view the email properly? View it online

VrydagNuus

11 April 2025

Verander jou interpretasie

God het ons geskep en Hy maak ons medeskeppers. Hy het die moontlikheid in ons kom plaas dat ons ons eie lewe voortdurend kan herskep as ’n kunswerk tot die eer van God. Hy het vir ons die moontlikheid gegee om te kan nadink, en om ons wêreld te interpreteer. Ons kry dus die gawe om te kies wat ons wil glo, of wat ons nie wil glo nie.

Die wonder is dat ons oor onsself kan droom oor hoe ons graag wil wees. Ons kan droom oor ons wêreld en hoe ons wil hê ons wêreld moet lyk, en dan het ons die moontlikheid om dit waar te maak, om so ’n mens te word en om so ’n wêreld te skep.

Het jy al ’n skildery gesien en nie geweet wat dit beteken nie? Mense vra dit gereeld: “Wat beteken die skildery? Of wat beteken dit wat so pas met my gebeur het? Of wat is die doel van my lewe?” Ons is dus voortdurend besig om ons eie lewens te interpreteer en om betekenis te soek.

Die Bybel is vol van verhale waar mense besig is om hulle wêreld te interpreteer en om betekenis te soek.

Hier is so 'n voorbeeld: Johannes 9:1-34

Jesus se dissipels is saam met hom en hulle sien 'n blinde man en hulle vra: "Hoekom is hy blind? Is dit omdat sy ouers sonde gedoen het of oor sy eie sonde?" Hulle interpreteer hulle wêreld. En dan is Jesus se antwoord ongelooflik. Hy sê vir hulle dat die man nie blind is oor sy of sy ouers se sonde nie, maar omdat God nog besig is om van sy lewe 'n wonderlike kunswerk te maak. Sonde het nie die laaste sê in ons lewens nie.

In die verhaal sien ons ook hoe mense dit wat hulle duidelik voor hulle sien gebeur, kan ignoreer en net eenvoudig dit nie wil glo nie. Soveel so dat hulle eintlik die blindes word. Daar is altyd mense wat nie ruimte laat vir God wanneer hulle die lewe interpreteer nie.

Albert Einstein het gesê: "There is two ways to live your life – one is as though nothing is a miracle, and the other is as if everything is a miracle".

Sou mens 30 jaar gelede die woord Titanic noem, sou almal vir jou sê: "Dit is die grootste tragedie nog ooit in skeepvaart".

Dit vat egter net een regisseur met die naam van James Cameron om die hele storie te herinterpreteer. Hy vat dieselfde storie, hy vat 'n tragedie, en maak dit een van die grootste liefdestories van ons tyd.

Een van die mees tragiese verhale is die wrede kruisdood van Jesus Christus. God herïnterpreteer die gebeure, en dit word een van die grootste liefdesverhale van alle tye. Jesus kan dit ook met ons lewens doen. Hy kan van tragedies liefdesverhale maak.

Liefde

Lionel

*NS - As jy die tweede oggenddiens bywoon, onthou dat dit voortaan om **11h00** sal begin.*



13 April

Deuroffers: Arise Shine Africa
Palmsondag | Groot Lydensweek begin

Erediens | Kerk @ 09:00
Christi Thirion
Erediens | Kerk @ 11:00
Christi Thirion
Tienerkerk | Saal @ 18:00
Lionel Hutton
Erediens | Kerk @ 18:30
Christi Thirion (belydenis aflegging en nagmaal)

Jeugbediening:

Kinders: 09:00 - 10:00
3-4 jr: Langsaal
5-6 jr: Jeugsaal
Gr 1-5: Grootsaal
Gr 6-7: 09:00 diens in die kerk, verdaag na die Kleinsaal na die sang

Tieners: 18:00
Gr 8-12: Grootsaal

Tienerdiens om 18h30

Aanlyn erediens - Kenridge Gemeente YouTube - **kliek hier**.

11h00 erediens

Let asb daarop dat die tweede oggenddiens vanaf 13 April, om **11h00** sal begin.

Paaseier projek

Ons benodig nog
heelwat *marshmallow* paaseiers om Paasfeeswense aan ons begunstigdes oor te dra.

Lewer af by die kerkkantoor gedurende die week of in die gemerkte mandjies op Sondae.

Insameling nou tot **17 April**.

Groot Lydensweek

Tema: Teenwoordig
(o.l.v. Christi Thirion)

13 April - Palm Sondag in goeie tye (09h00, 11h00 en 18h30)
14 April - In ontwrigting (19h00)
15 April - In my huis (19h00)
16 April - In verraad (19h00)
17 April - In swakheid (19h00)

18 April (Goeie Vrydag) - Teenwoordig in verlies (09h00, saal en kerk)

20 April (Paasfees) - Aan die anderkant (09h00 en 11h00, geen aanddiens)

Bouprojek

Ons het groot planne om die kerkkompleks te omskep in 'n verwelkomende kuier-ruimte. Kyk hier na die video om te sien waaroor ons alles droom.

Oorweeg asb 'n bydrae tot die Kenridge Boufonds om hierdie droom te bewaarheid. Merk asb enige EFT, Snapscan of kontantbydrae duidelik "**Boufonds**".

Gebedsbediening

Gebedsfokus

Die volledige gebedsfokus is op die webtuiste beskikbaar.

Gebedsversoeke

Gebedsversoeke kan aangemeld word deur ’n WhatsApp te stuur na die gemeente WhatsApp nommer (+27 76 492 0008) of aanlyn op die webtuiste (skakel bo).

Bid saam met die gebedspan

Sluit aan by die gebedspan in die gebedskamer na afloop van die 09h00 diens.

Kerkkantoor:

Ma - Do 09:00 - 16:00

Vry 09:00 - 13:00
tel no: (021) 913 4206
e-pos: kantoor@ngkenridge.co.za
webtuiste: www.ngkenridge.co.za

LIKE

KENRIDGE GEMEENTE

FORWARD

Bankbesonderhede:

NG Gemeente Kenridge

FNB, Willowbridge

Tjekrekening: 62622466458

Takkode: 250655

Snap here to pay

SnapScan